Ges. 3 : 4, 6
Ges. 117 : 2, 3.
Ges. 115 : 8

# Swaard of Beker.

L/Potch 2 Mrt. 1958

(Matt. 26 : 47-56a; Luk 22 : 35-38; Joh. 18 : 1-11
(Dyk)

Joh. 18 : 11 – Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?

Hd. woord is deur die Here Jesus in Gethsemane uitgespreek – die plek waar Jesus in die diepste angs & benoudhd. v.d. hel geworstel het en gebid het: „My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan" // Mr. van hd. worsteling sê Johannes in sy Evangelie niks. Soos ons Johannes ken, sou ons vermoed het dat hy eintlik die een mens moes wees wat die skerpste Xtus se lyding moes geteken het. En tog doen hy dit nie – waarom nie?

① Omdat Joh. se hele Evangelie (na die ander geskrifte) nie herhaal wat reeds opgeteken is nie

② Omdat Joh. se groot oogmerk is om te teken wat hy a.d. begin sê: „Ons het sy heerlikhd aanskou" Ons sien reeds iets van hd. koninklike majesteit as Jesus: ~~in d. oppersaal~~

- in die oppersaal vir Judas sê: „Wat jy doen . . . "
- na Geths. gaan terwyl Hy weet dat Judas Hom daar sou soek;
- uitkom uit d. tuin en vra: „Wie soek julle?" en as hulle sê Jesus d. N. – „Dit is Ek."

Mr. bo al kom hd. Koninkl. heerlikheid van Jesus uit in belydenis v. Jesus: „Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?"

Met hd. woorde doen Xt. 'n keuse – die tussen d. swaard & d. beker

## I Jesus wys d. swaard af:

Die swaard wat Jesus hier praat is nie die swaard v.d. vyand nie – want dit was deel v.d. lydensbeker wat Hy moes drink. Hd. swaard is d. wapen waarmee Petrus Hom wil verdedig.

Waar kom dit vandaan? Vissers tog nie mense wat swaarde dra nie! Hd. swaard nie d. lang soldatesabel nie, mr. die groot lang offermes waarmee Joh. + Petrus die paaslam gaan slag v. d. Pasga berei het. Dan d. heenwysing na d. 2 swaarde in Luk. 22: 37, 38.

Wat wil Petrus m.d. swaard maak? Hier kom 'n vreeslike oomblik: hier wil Judas d. Meester gevange neem, en Jesus self doen daar niks aan nie! Hy laat wel d. bende agteroorval, mr. onmidd. daarna sê Hy: Dis Ek. En as niemand iets doen nie, kom Petrus se vurige gees in opstand en is daar by hom iets v.d. trou en die ywer v.d. liefde wat wil veg vir Hom wat hy liefhet! Hy doen tog iets! Al is dit dan mr. net dat almal kan sien dat hy sy Heiland nie sal verlaat of in die steek laat nie!

En tog wys Jesus d. swaard af — tog prys Jesus Simon nie, mr. bestraf hom eerder as Hy sê: „Steek jou swaard in d. skede". Waarom wys Jesus hd. swaard van sy vriende af?

(1) Omdat Jesus d. swaard nie nodig het nie: lees wat staan in Matt 26: 52-54 — „Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid, en Hy nie meer as 12 legioene v. engele beskikbaar sal stel nie?" Daarmee wil Jesus geen uitspraak gee t.o.v. d. mag v.d. swaard in d. hand v.d. staat nie, mr. wel dat vir sy Kerk + sy Koninkryk geen vleeslike wapens gebruik mag word nie —

(2) Omdat agter Petrus se swaard die hand van Satan is: Dis weer die 3e keer dat Satan vir Simon Petrus gebruik om, as dit moontlik is, die Heiland weg te trek van d. kruis...

1. By aankondiging Jesus van sy lydensweg in Matt. 16 waar Petrus hier kt. word en Jesus hom baie ernstig bestraf: „Gaan weg agter my, Satan," (Matt. 16: 23)

2. Op d. berg v. verheerliking waar Petrus wil hê dat hulle daar moet bly (Matt. 17: 4, 8)

3. Hier in Gethsemane waar Satan deur Simon se swaard d. kruis wil vernietig. Want Satan weet dat as hier geveg kan word en die diss. met Jesus d. onderspit delf of Jesus in een magsdaad hulle verdelg, dan is d. kruis tot niet — dan geen versoening + geen verlossing moontlik!

II Jesus neem d. beker op: Wat bedoel die Heiland as Hy keer op keer praat v.d. beker wat Hy moet drink?

— a.d. Nagmaalstafel: „Hd. beker is d. nuwe testament in my bloed ———."

— In Gethsemané:

(1) Die beker van ligg. pyn:

(2) Die beker van vyand. [illegible]:

(3) Die beker van vriendeverraad:

(4) Die beker van d. sonde v.d. wêreld:

— die beker is d. saamvatting van alle smarte + angs + pyn + smaadheid: die beker ~~(5) Die beker v.d. toorn v. God~~ van d. bitterheid v.d. dood, d. verlating deur die Vader, — tot d. bodem moet dit geledig word!

## Waarom kan Hy d. beker drink?

- Omdat dit Hom v.d. Vader gegee word en Hy dit so aanvaar;

a) Sy ~~volkome~~ volmaakte insig in Gods weg

b) Sy volkome gehoorsaamheid aan Gods wil

→ **Swaard:**
- Ons vashou a.d. sonde
- Ons eiegeregtigheid & ongehoorsaamheid
- Ons onkunde & ons onwil
- Ons gryp na wêreldse middels om Gods werk te doen
- Ons weiering om onsself te verloën & onsself te verneder
- Ons opstaan teen God as Hy ons self tot bekering /

→ **Beker:**
- Soek na Gods wil
- Bereidheid om te gehoorsaam
- Gewilligheid om vir Xtus & Sy saak te ly, om ander se sondes te help dra!

→ **Slot:** Omdat Jesus nie geweier het nie, gewillig & deelbewus d. beker geneem het kom mag ons sing: „Ek sal d. beker v. verlossinge opneem & d. naam v.d. Here aanroep" Amen